

DIE SAKRAMENT VAN BOETE & VERSOENING

Christus het dié sakrament ingestel vir die bekering van gedooptes wat deur die sonde van Hom vervreemd geraak het en in wie se lewens Christus se oproep tot bekering bly weerklink. Bekering bly 'n voortdurende verpligting vir die hele Kerk, wat heilig is maar in haar skoot sondaars dra. Die Heilige Gees werk in ons harte sodat ons met 'n hart "vol berou" God se barmhartige liefde kan beantwoord. Daar kan so gereeld soos benodig van hierdie sakrament gebruik gemaak word. Dit staan ook bekend as die sakrament van Boete, van Versoening, van Vergifnis, van die Bieg of van Bekering.

DIE SAKRAMENT VAN SIEKESALWING


Omdat die kerk van die Here die taak ontvang het om die siekes te genees, probeer sy dié taak voortsit deur haar sorg vir die siekes, sowel as deur haar voorbedding waarmee sy hulle bystaan. Die Kerk beskik bowenal oor 'n sakrament wat spesiaal bedoel is om die siekes by te staan. Hierdie sakrament is deur Christus self ingestel en die heilige Jakobus getuig daarvan: "As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die presbiters (ouderlinge m.a.w. priesters) van die gemeente laat kom en hulle moet vir hom bid en moet hom olie salf onder aanroeping van die Naam van die Here" (Jak. 5: 14-15).

DIE SAKRAMENT VAN DIE DOOP

Die Doop is die sakrament van weergeboorte waardeur die gelowige deur die water en die Gees lidmaat word van Christus se Liggaam, die Kerk. Wie gedoop word, word in Christus se dood gedompel en verrys met Hom tot 'n nuwe skepping (2. Kor. 5,17). Die dopeling word in die water onderdompel of die doopwater word oor hom|haar uitgegiet terwyl die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees aangeroep word.

DIE SAKRAMENT VAN DIE VORMSEL

Die Sakrament van die Vormsel word Salwing of Chrismatio genoem. Dit is die sakrament van Christelike volwassenheid. Die vormling word met die heilige Chrisma-olie gesalf terwyl die bedienaar van die sakrament hom|haar die hande oplê. Deur hierdie sakrament word die doop-genade in die lewe van die gelowige bevestig en versterk. Deur die ontvangs van hierdie sakrament word die gereedheid van die lidmaat vir die latere ontvangs van die Roeping-sakramente bevestig.



DIE SAKRAMENT VAN DIE EUCHARISTIE

Die Sakrament van die Eucharistie is ons werklike deelname in die offer van die Liggaam en Bloed van die Here Jesus, wat Hy ingestel het (Witte Donderdag) om die kruisoffer deur die eeue heen tot by sy wederkoms te laat voortduur (c. 1 Kor. 12,23 "in die nag waarin Hy oorgelewer is"). Daardeur het Hy aan sy Kerk die herdenking van sy dood en opstanding toevertrou. Die Eucharistie is die teken van eenheid, die band van liefde, die Paasmaal, waarby die Liggaam en Bloed van Christus deur die gelowiges ingeneem word en hul harte met genade vervul word. Dit is ons waarborg van die ewige lewe.

DIE SAKRAMENT VAN DIE HUWELIK

Die Sakrament van die Huwelik bring 'n lewenslange en eksklusiewe band tussen die eggenotes tot stand. God self beseël die instemming van die eggenotes. Daarom kan 'n huwelik wat tussen gedooptes aangegaan en voltrek is nooit ontbind word nie. Verder verleen hierdie sakrament aan die getroudes die noodsaaklike genade om heiligheid in hulle huwelikslewe te bereik en hul kinders verantwoordelik te aanvaar en op te voed.

DIE WYDINGSAKRAMENT

Die Wydingsakrament bestaan uit drie vlakke: deur die biskop-wyding ontvang die biskop die volheid van die sakrament waarin die priester en diaken onderskeidelik in deel. Dit is die sakrament waardeur die sending wat Christus aan sy apostels toevertrou het, in die Kerk voortgesit word tot aan die einde van die tyd.